

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Ds. Martiens Swart – 21 Maart 2021**

Leer Ken Jesus se Liefde vir jou persoonlik...in Sy Lyding?

Skriflesing: 1 Johannes 3:16-19; 1 Johannes 4:7-16 (2020-Vertaling)

Teksvers: 1 Johannes 3:16; 1 Johannes 4:16

Inleiding:

Hoe raak die liefde van die Here jou persoonlik? Hoe geraak is jy daardeur? Paulus skryf in 2 Korintiërs 5:14 (2020-vertaling) "Die liefde van Christus dryf ons..." mens kan dit ook vertaal met "gryp ons aan".

Is jy aangegryp deur Christus se liefde?... Dit maak so 'n groot verskil aan 'n mens se ganse lewe, indien daar iets van die aard in jou hart leef.

1. Waar sien ons die Liefde van ons Here?

Die liefde van die Here hang nie af van iets by onself nie.
Dit is byvoorbeeld nie in hoe ons dit voel nie; Nie in wat met ons gebeur nie;
Dit is ook nie in hoe ons dit verdien deur ons toewyding of gebrek daaraan nie.

"Hierin bestaan die liefde: Nie dat ons God lief gehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as versoening vir ons sondes"

1 Johannes 4:10

Die liefde hier ter sprake kom nie uit ons nie, dit het die oorsprong by God en die uniekheid van sy liefde en die grootheid en diepte en erns van sy liefde kom uit omdat Hy Jesus gestuur het as versoening vir ons sondes.



Kyk wat doen Hy... ons mis ons skeppingsdoel deur ons sondes, ons verdien niks behalwe straf nie, maar daarteenoor die onverklaarbare wonderlike van Sy unieke liefde: Hy maak 'n geweldige opoffering- die mense het toe verstaan iets moet dood gaan ter wille van versoening... hier is dit nie iets nie, maar Sy geliefde Seun, Jesus. Hy stuur Hom daarvoor... dit is die sin van Jesus se lyding: Hy kom offer Homself aan die kruis ter wille van jou en my.

2. Hoe leer ek dit so ken dat dit my aangryp?

"Hieraan ken ons die liefde: Dat Hy sy lewe vir ons afgelê het."

1 Johannes 3:16

Hoe gaan dit ons nou aangryp?

Verstaan kan ons nie want volgens Efesiërs 3:19 gaan dit mens se verstand te bowe.

Dit moet persoonlik word vir jou... Jesus se lyding en sterwe... daarom "vir ons"

"Die liefde van Christus dring / gryp ons aan... omdat ons tot die insig gekom het, dat indien Een vir almal gesterf het, almal dan gesterf het; en Hy het vir almal gesterf, sodat die wat leef, nie meer vir hulleself sal leef nie, maar vir Hom wat ter wille van hulle gesterf het en opgewek is."

2 Korintiërs 5: 14

Ons moet net eers Jesus se **lyding persoonlik opneem**, die insig kry Hy het selfopofferend ook vir jou gesterf... en dit is daardie onbeskryflike liefde wat ons verstand te bowe gaan.

Verpersoonlik dan die insig dat dit uit Sy liefde is dat Hy vir jou gely het, en dan kom die "**KEN**" daarvan as **persoonlik geraak** te wees daardeur. 1

Johannes 3:16 sê "Hieraan **ken** ons die liefde" en 1 Johannes 4:16 "Ons **ken** en vertrou die liefde wat God vir ons het..."

Die Message-vertaling gee dit so weer:

"We know it so well, we've embraced it heart and soul, this love that comes from God".

Die "**GLO**" daarvan in die teks sê dat mens in vertroue daarop reken en daarvolgens leef.



So, in hierdie herdenkingstyd van die Lyding van Jesus, moet ons daarop fokus en met elke deel daarvan vir onself sê: Dit my Here, is uit liefde vir my... Met Hom saam sit, want Hy leef en is met ons... As ons na Hom bly kyk sal dit ons begin aanraak tot die punt dat dit ons begin **AANGRYP**.

1 Johannes 3:1 lui: *“Kyk watter groot liefde (letterlik: soort van liefde) die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God.”*

Die “kyk” beteken iets spesiaal soos ‘bekyk’, ‘oorweeg’, ‘besef’, of ‘word bewus van’. En hier word ons aangespoor om so na die soort liefde van God te kyk tot dit tot ons deurdring wat dit alles behels en vir ons beteken. Om by kind van God uit te kom, het sy onbeskryflike pyn en lyding gekos uit ‘n ongekende liefde.

“Ken” en “aangegryp” deur sy liefde vir ons as rede waarom Hy so selfopofferend ly kan net kom **As Ons Tyd Daaroor Met Hom Self Bestee** biddend, dat die Heilige Gees Sy liefde vir ons persoonlik wys, openbaar en ons dit met vertroue omhels.
...anders bly ons onaangeraak, deel van die skare van toeskouers in plaas van diepgeraakte volgelingen van Jesus.

3. Wie die Here se liefde ken en glo, word verander om meer so lief te hê.

Soms kan ons ons moeilik indink dat ‘n mens so aangegryp kan word deur God se liefde dat dit lewensveranderend word. Tog, elkeen van ons het al gesien hoe iemand regop loop, netjieser is, met ‘n huppel in die stap en blink oë raak... dan word gesê: Dit kan net ‘n nuwe liefde in sy / haar lewe wees. Sou jy so daaraan dink dan is dit met God meer verstaanbaar, veral as jy sy uitsonderlike liefde ontdek, leer ken en beleef in ‘n persoonlike verhouding met Hom. Wat verder waar is, is dat Sy soort liefde, (as jy dit aanvaar, verwelkom, ontvang en beleef...) ‘n krag tot lewensverandering word. Mens moet ook oppas hoe jy dit stel... dis eintlik nie iets, liefde, wat jou verander nie... dit is Iemand, **God self wat jou herskep in Sy liefde**. Daarby: aangegryp, **motiveer of dring dit jou** om anders te begin lewe. (2 Kor 5:14vv - Hy het vir my gesterf, nou wil ek vir Hom lewe wat vir my gesterf het.)



Wie die onbeskryflike soort liefde van Jesus vir jou persoonlik ontdek, die grootsheid en diepte daarvan, word geraak, word aangegeryp... Ja, meer, God verander jou daardeur... dit het hartsveranderende krag... hierdie spesiale liefde van Hom, wanneer jy dit ontdek en Hom aanvaar / verwelkom met sy liefde wat alle verstand te bowe gaan.

Nou by jou en my... ek skrik soms oor hoe blasé ek self kan word oor Jesus se lyding uit liefde... hoe onaangeraak... Dit is gewoonlik wanneer mens nie daarop fokus nie, dit as gewoon of oorbekend aanvaar... selfs as vanselfsprekend aanvaar. Ons bykomende probleem in die verlede was dat ons **Paasnaweek vakansie** gevier het, en nie die lyding en sterwe van Jesus behoorlik gevier het nie... dus dit nie van alle kante bekyk het op verskillende maniere nie... soos mens maak by 'n viering... Om dit te vier help met die regte Kyk, Beskou, Oorweeg en Besef totdat dit jou hart raak... op 'n manier dat jy daarop vierend reageer en uiting gee aan jou waardering.

Laat dit anders wees hierdie jaar met jou Paasfeesviering... Beskou en weeg dit so tot jy besef dit is vir jou persoonlik gedoen, deur Jesus, uit 'n uitsonderlike liefde vir jou met wonderlike gevolge van vergifnis, vryheid en nuwe spesiale lewe.

Mag jy dit dan uiteindelik van harte bely: Ek KEN die liefde van God en GLO daarin. Hierdie liefde dring my om vir Hom te lewe in alles.

OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapscan gebruik om u dankoffer te gee.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

